

Ma's se persepsies van hoe afknouery gesinne beïnvloed

Abraham P. Greeff en Estelle Roodt

Abraham P. Greeff en Estelle Roodt: Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die doel van hierdie verkennende, kwalitatiewe ondersoek was om vas te stel hoe gesinne deur die krisis van afknouery geraak word. Gesinsisteemteorie (Broderick 1993) verskaf die teoretiese raamwerk vir die ondersoek. Die navorsingsvraag vloeи logies voort uit gesinsisteemteorie, naamlik: Hoe raak die afknouery van 'n kind ook die ander gesinslede? Die studiepopulasie was gesinne met laerskoolkinders wat vir ses maande of langer geboelie is in die voorafgaande drie jaar, en wat in die Suid-Kaap woon. Agt-en-veertig ma's het as verteenwoordigers van hul gesinne aan die ondersoek deelgeneem. Elk het 'n biografiese vraelys voltooi en die volgende oop vraag beantwoord: Op watter manier het die afknouery julle gesin geaffekteer? Resultate wat deur middel van inhoudsontleding verkry is, het getoon dat gesinne op verskeie maniere deur die afknouery geraak is. Die kinders wat geboelie is, is veral geaffekteer deurdat hulle negatiewe emosies soos hartseer ervaar het, opstandig geword het by die huis, hulself onttrek het en/of nie wou teruggaan skool toe nie. Die meeste ouers is deur die afknouery geaffekteer deurdat hulle woede of ander negatiewe emosies ervaar het, en/of deurdat hulle bekommend oor hul kind se welstand en toekoms geword het. Die afknouery het soms gesinne as geheel beïnvloed deurdat dit konflik binne die gesin veroorsaak het, terwyl dit in ander gevalle die gesin nader aan mekaar gebring het. Die bevindinge van hierdie ondersoek vul 'n leemte in die literatuur oor hierdie onderwerp en kan sinvol aangewend word in die ontwikkeling van afknoueryvoorkomings- en intervensieprogramme.

Trefwoorde: afknouery; laerskoolkind; gesin; persepsies

Abstract

Mothers' perceptions of how bullying affects families

Large-scale studies on the prevalence of bullying have been conducted in various countries, including Norway, Finland, Sweden, England, the Netherlands, Canada, Spain, Ireland, Australia, Japan and the United States of America (Espelage and Swearer 2003:365; Olweus 1994:1171). A study that was conducted in Norway, in which more than 130 000 learners between the ages of seven and sixteen completed the *Olweus Bully/Victim Questionnaire*, found that approximately 15% of all learners in the country had been involved in bullying, whether as bullies or as victims. With regard to other countries, the prevalence of bullying ranges from 11,3% in Finland to 49,8% in Ireland (Dake, Price and Telljohann 2003:173).

In South Africa the prevalence of bullying is even higher, with as many as 58,2% of learners affected by it (Neser, Ovens, Van der Merwe et al. 2004:32). Although it is often argued that bullying is a relatively normal part of growing up (Greeff 2004:1), various studies have shown the negative consequences it entails (Smith 1999:68). For example, children who are bullied often experience somatic symptoms such as headaches and stomach aches (Swart and Bredekamp 2009:405), as well as symptoms of depression, such as suicidal thoughts (KaltialaHeino, Rimpelä, Marttunen et al. 1999:351; Roland 2002:55).

Although research on bullying has previously been conducted in South Africa, it focused primarily on the prevalence of bullying (De Wet 2005:82; Greeff 2004:1; Neser et al. 2004:30), as well as on learners' and teachers' experiences of bullying (Adam 2007:10; MacDonald and Swart 2004:33; Pillay 2004:5; Swart and Bredekamp 2009:405; Zeelie 2004:5). No studies on how families are affected by bullying were found in the South African literature.

The research question for this study was, therefore: How are families affected by bullying?

Family systems theory (Broderick 1993) provided the theoretical framework for this study. This theory argues that families are open, on-going, goal-seeking, self-regulating social systems that are best understood in the context of their interactions and systemic relationships (Broderick 1993:37). Families are interdependent and the interaction and communication between individual members should be studied in order to understand the family system as a whole, rather than studying individual family members in isolation. Thus, although each family member leads his/her own life and it sometimes seems as if individuals function independently, events in the life of one family member necessarily have an impact on all the other members (Broderick 1993:21).

This study made use of a qualitative, exploratory research design. Data was collected by means of an open-ended question. The study population consisted of families with primary school children who had been bullied for six months or longer over the previous three years, and who reside in a village in the Southern Cape. The participants who represented their families were obtained through non-random snowball sampling. The children attended a rural primary school and their families met the requirements for participation.

Permission to do the research was granted by the principal and governing body of the school, after which a letter with regard to the research was sent to all parents with children in the school. Permission was granted to contact the parents of all the children in grades 5, 6 and 7. The primary researcher made 75 calls, and found 25 families who met the requirements for participation and were willing to participate. The other parents either said that as far as they knew their children were not victims of bullying, or they were not interested in taking part. The rest of the participants ($n = 23$) were obtained by means of referrals from the other participants (snowball effect). In order to control for the effect of gender, mothers were encouraged to act as representatives of their families.

In order to be eligible for participation, families had to meet the following criteria: (1) at least one child in the family had to have been bullied for six months or longer; (2) the bullying had to have taken place in the past three years; (3) the bullying had to have taken place while the children were in primary school; and (4) it had to be a two-parent family.

A total number of 48 families took part in the study. The home language of the majority of the participants was Afrikaans (83%, $n = 40$), followed by English (15%, $n = 7$) and Xhosa

(2%, n = 1). Seventy-three percent (n = 35) of the participants were white, while 25% were coloured (n = 12) and 2% were black (n = 1). The majority of the participants were in their first marriage (73%, n = 35), while 21% (n = 10) had been married before and 6% (n = 3) of the couples lived apart. On average, the participants had been married for 13,9 years (SD = 6,4). The participants' average age was 40,2 years (SD = 5,9), while their partners' average age was 42,4 (SD = 6).

Once permission had been granted to conduct the research, potential participants were contacted. Appointments were made with parents who were willing to participate. During the interviews the participants were asked the following open-ended question: "In what ways did the bullying affect your family?" The participants were also asked to complete a biographical questionnaire, which included questions on their families' home language, marital status, length of marriage, family composition, level of education, and gross income per month. Questions about the child who was bullied were related to whether the bullying still occurred, how long the bullying lasted, and when the parents became aware of the bullying.

Data was analysed by means of content analysis. The purpose of content analysis is to examine comprehensive material systematically (Mayring 2000:266). Coding is a fundamental step in the process of qualitative data analysis and allows the researcher to organise data according to themes.

Significant text segments were identified and grouped together to form related categories. Various themes emerged from the evaluation of the categories. Themes were divided into the following categories: "Not affected", "Child that was bullied was affected", "Parents affected", and "Family as a whole affected". The "Not affected" category referred to families that did not indicate that they were affected by the bullying. The "Child that was bullied was affected" category refers to all the ways in which the child concerned was affected by the bullying. Similarly, "Parents affected" and "Family as a whole affected" referred to the ways in which the parents and families as a whole were affected by the bullying respectively.

According to the analyses, seven participants (15%) indicated that the bullying did not affect their families. Most of the parents, however, felt that the bullying affected their families in one way or another. The bullying affected the child who was bullied, the parents themselves, or the family as a whole.

The children who were bullied were affected in different ways. Some children (6%, n = 3) came home with physical injuries, while other children's belongings were destroyed (6%, n = 3). The bullying often led to the child's not wanting to go back to school (15%, n = 7). The bullying sometimes had a negative effect on the child's schoolwork (8%, n = 4). Several children were affected by the bullying in that they experienced negative emotions (27%, n = 13). The children who were bullied often became rebellious at home (19%, n = 9). In contrast to the latter, some children began to withdraw (19%, n = 9). A few participants mentioned that the bullying had a negative effect on their child's self-esteem (13%, n = 6). Three participants (6%) said that their children repeatedly urinated in their beds at night in reaction to the bullying. The children sometimes also had nightmares because of the bullying (4%, n = 2).

Not just the children, but also their parents, were affected by the bullying in various ways. Parents were worried about their children (10%, n = 5). They also experienced negative emotions such as rage (17%, n = 8), dismay (4%, n = 2), pity (8%, n = 4), sadness (4%, n =

2), unhappiness (4%, n = 2), powerlessness (8%, n = 4), disappointment (8%, n = 4) and/or uncertainty (2%, n = 1).

In some cases the crisis of bullying affected the family as a whole. Some participants felt that the event brought their family closer together (4%, n = 2). In other families, however, the bullying led to conflict (8%, n = 4).

The purpose of this study was to determine how families are affected by the crisis of bullying. The results show that families are affected by bullying in many ways. The children who were bullied were especially affected in that they experienced negative emotions such as sadness. Although it sometimes became evident only much later, it was clear from the results that the parents and families were also affected by the bullying in various ways. As a whole, bullying is a negative and destructive act that disrupts not only the victim's life, but also the lives of the people close to him/her.

Keywords: bullying; primary school child; family; perceptions

1. Inleiding

Studies oor die voorkoms van afknouery is reeds op groot skaal in verskeie lande gedoen, insluitende Noorweë, Finland, Swede, Engeland, Nederland, Kanada, Spanje, Ierland, Australië, Japan en die Verenigde State van Amerika (Espelage en Swearer 2003:365; Olweus 1994:1171). 'n Ondersoek wat in Noorweë gedoen is, waarin meer as 130 000 leerders tussen die ouerdomme 7 en 16 jaar die *Olweus Bully/Victim Questionnaire* voltooi het, het getoon dat ongeveer 15% van alle leerders in daardie land al by afknouery betrokke was, hetsy as 'n boelie of as 'n slagoffer (Olweus 1993:21 en 1994:1173). Wat ander lande betref, wissel die voorkoms van afknouery onder laerskoolkinders tussen 11,3% in Finland en 49,8% in Ierland (Dake, Price en Telljohann 2003:173).

In Suid-Afrika is die voorkoms van afknouery selfs hoër, met tot soveel as 58,2% van leerders wat daardeer geraak word (Neser, Ovens, Van der Merwe e.a. 2004:32).

Huidige definisies van afknouery het veral ontstaan uit die werk van Dan Olweus, wat reeds sedert 1970 hierdie onderwerp navors (Greeff 2004:1). Volgens Olweus (1993:10) kan afknouery gedefinieer word as aggressiewe gedrag of opsetlike kwaaddoener wat herhaaldelik en met verloop van tyd uitgevoer word in 'n interpersoonlike verhouding wat deur 'n magswanbalans gekenmerk word. Afknouery vind dikwels plaas sonder dat die slagoffer die boelie uittart. Afknouery sluit in om iemand te slaan, skop of knyp (fisiese afknouery), of om iemand te dreig, terg, spot of name te noem (verbale afknouery). Om iemand doelbewus uit 'n groep te sluit of te weier om aan 'n ander se versoeke gehoor te gee, word ook as afknouery beskou (Olweus 1993:10).

Heelwat Suid-Afrikaanse gesinne word dus deur hierdie probleem geraak. Alhoewel daar dikwels geredeneer word dat afknouery 'n relatief normale deel van die grootwordproses is (Greeff 2004:1), dui verskeie ondersoke op die negatiewe gevolge wat daarmee gepaardgaan

(Smith 1999:68). Kinders wat geboelie word, ervaar byvoorbeeld dikwels somatiese simptome soos hoofpyn en maagpyn (Swart en Bredekamp 2009:405), asook simptome van depressie, soos selfmoordgedagtes (KaltialaHeino, Rimpelä, Marttunen e.a. 1999:351; Roland 2002:55).

Alhoewel daar reeds vorige ondersoeke in verband met afknouery in Suid-Afrika gedoen is, was die fokus daarvan meestal op die voorkoms van afknouery (De Wet 2005:82; Greeff 2004:1; Neser e.a. 2004:30), asook op leerders en onderwysers se ervarings van afknouery (Adam 2007:10; MacDonald en Swart 2004:33; Pillay 2004:5; Swart en Bredekamp 2009:405; Zeelie 2004:5). Geen soortgelyke ondersoeke aan die huidige een is in die Suid-Afrikaanse literatuur gevind nie.

Gesinsisteemteorie (Broderick 1993) verskaf die teoretiese raamwerk vir die ondersoek. Hiervolgens is gesinne oop, deurlopende, doel-soekende, selfregulerende sosiale sisteme wat op hul beste verstaan kan word in die konteks van wedersydse interaksies en sistemiese verhoudings (Broderick 1993:37). Eerder as om individuele gesinslede in afsondering te bestudeer, moet daar na gesinne as geheel gekyk word. Gesinslede is afhanklik van mekaar en die interaksie en kommunikasie tussen individuele gesinslede moet bestudeer word om die gesinsisteem as geheel te verstaan (Broderick 1993). Alhoewel elke gesinslid dus sy/haar eie lewe lei en dit soms voorkom of individue onafhanklik funksioneer, affekteer gebeure in een lid se lewe ook noodwendig al die ander lede (Broderick 1993:21).

Gegee die beperkte plaaslike navorsing van hoe afknouery die gesinseenheid beïnvloed, asook die potensiële negatiewe gevolge wat met afknouery gepaard gaan, is besluit om 'n verkennende, kwalitatiewe navorsingsontwerp te gebruik om 'n beter begrip te kry van hoe Suid-Afrikaanse gesinne deur die krisis van afknouery geaffekteer word.

2. Metode

'n Kwalitatiewe ondersoekende navorsingsontwerp is gebruik waar data met behulp van 'n oop vraag ingesamel is.

2.1. Deelnemers

Die studiepopulasie is gesinne met laerskoolkinders wat vir ses maande of langer geboelie is in die voorafgaande drie jaar en wat in 'n dorp in die Suid-Kaap woon. Die steekproef is saamgestel uit gesinne met kinders in 'n plattelandse laerskool en wat aan die vereistes vir deelname voldoen. Die steekproef was nie-ewekansig en is met behulp van sneubalsteekproeftrekking bekom.

Nadat toestemming om die ondersoek te doen by die skoolhoof en beheerliggaam van die laerskool verkry is, is 'n brief in verband met die ondersoek aan alle ouers met kinders in die skool gestuur. Toestemming is verleen om die graad 5-, graad 6- en graad 7-kinders se ouers

te skakel. Deur die 75 oproepe wat die primêre navorser gemaak het, is 25 gesinne gevind wat aan die insluitingskriteria voldoen en ingewillig het om aan die ondersoek deel te neem. Die ander ouers het gesê dat hulle kinders nie geboelie word sover hulle weet nie, of hulle het nie belang gestel om deel te neem nie. Die res van die deelnemers ($n = 23$) is verkry deur verwysings van ander deelnemers (sneeubaleffek). Om vir die effek van geslag te kontroleer, is ma's sover moontlik aangemoedig om as verteenwoordigers van die gesinne op te tree en namens die gesinne aan die ondersoek deel te neem.

Om aan die ondersoek te kon deelneem moes gesinne aan die volgende insluitingskriteria voldoen: (1) minstens een kind in die gesin moes vir ses maande of langer geboelie gewees het; (2) die afknouery moes in die voorafgaande drie jaar plaasgevind het; (3) die afknouery moes plaasgevind het terwyl die kinders in die laerskool was; en (4) die gesin moes 'n tweerouer-gesin wees.

Altesaam 48 gesinne het uiteindelik aan die ondersoek deelgeneem. Die meerderheid van die deelnemers se huistaal was Afrikaans (83%, $n = 40$), gevolg deur Engels (15%, $n = 7$) en Xhosa (2%, $n = 1$). Wat ras betref, was 73% ($n = 35$) van die deelnemers wit, 25% bruin ($n = 12$) en 2% swart ($n = 1$). Die meeste deelnemers was in hulle eerste huwelik (73%, $n = 35$), terwyl 21% ($n = 10$) voorheen getroud was en 6% ($n = 3$) van die pare apart gewoon het. Deelnemers was gemiddeld 13,9 jaar getroud (SA = 6,4). Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers was 40,2 jaar (SA = 5,9), en dié van hulle huweliksmaats was 42,4 jaar (SA = 6,0). Alle deelnemers was vroulik ($N = 48$) en alle deelnemers se huweliksmaats was manlik. In 25% ($n = 12$) van die deelnemers se huise was daar ander familielede wat permanent by hulle woon, byvoorbeeld 'n ouma of 'n oupa.

Ses persent ($n = 3$) van die deelnemers se hoogste vlak van formele opleiding was laerskool, terwyl 46% ($n = 22$) hoëskool voltooi het. Vyf-en-twintig persent ($n = 11$) van die deelnemers het beskik oor 'n diploma en 23% ($n = 11$) oor 'n graad. In die Wes-Kaap het 6,9% van die bevolking wat 20 jaar of ouer is, laerskool voltooi, 25% het matriek voltooi, terwyl 7,9% 'n diploma en 4,8% 'n graad verwerf het (Statistiek Suid-Afrika 2005a). Die opleidingsvlak van die deelnemers was dus opvallend hoër as dié van die Wes-Kaap as provinsie.

Gesinne se totale bruto inkomste per maand was soos volg: minder as R1 000 (6%, $n = 3$), R1 000 tot R5 000 (19%, $n = 9$), R5 000 tot R15 000 (38%, $n = 18$), R15 000 tot R35 000 (31%, $n = 15$) en meer as R35 000 (6%, $n = 3$). Die gemiddelde maandelikse inkomste van huishoudings waarvan die hoof wit is vir die jaar 2005/2006 was R23 406, R6 619 vir huishoudings waarvan die hoof bruin is, en R3 143 vir huishoudings waarvan die hoof swart is (Statistiek Suid-Afrika 2005b).

Drie-en-dertig persent ($n = 16$) van die deelnemers se kinders is steeds tydens die data-insameling geboelie, terwyl 67% ($n = 32$) van die deelnemers se kinders nog in die voorafgaande drie jaar geboelie was, maar nie meer ten tye van die data-insameling nie. Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers se kinders toe die afknouery begin het, was 8,8 jaar (SA = 2,8) en hulle is gemiddeld 20,7 maande lank geboelie (SA = 17,4). Die langste

tydperk wat kinders geboelie is, was 60 maande (6%, n = 3), en die langste tyd wat dit geneem het voor ouers van die afknouery bewus geword het, was 55 maande (2%, n = 1).

2.2 Procedures

Nadat toestemming verkry is om die navorsing te doen, is potensiële deelnemers gekontak. Afsprake is gemaak met ouers wat bereid was om deel te neem. Deelnemers kon kies of hulle die onderhou by hulle eie huis of by 'n kerkkantoor, wat sentraal in die dorp geleë is, wou voltooi. Tydens die onderhoude is deelnemers die volgende oop vraag gevra: "Op watter manier het die afknouery julle gesin geaffekteer?"

Elke deelnemer is ook versoek om 'n biografiese vraelys in verband met hul gesin te voltooi. Vrae het ingesluit die huistaal, huwelikstaat, lengte van huwelik, gesinsamestelling, opleidingsvlak en bruto inkomste per maand. Vrae in verband met die kind wat geboelie is, was of die afknouery steeds plaasvind, hoe lank die afknouery geduur het, en wanneer ouers daarvan bewus geword het. Om deelnemers vir hulle tyd en deelname te bedank, is elkeen ingeskryf vir 'n gelukkige trekking waarin hulle die kans gestaan het om 'n koopbewys by 'n kettingwinkel ter waarde van R500, R300 of R100 te wen. Nadat die data-insameling voltooi is, is die trekking gehou. Die drie wenners is telefonies in kennis gestel van hulle pryse en 'n afspraak is gereël vir die oorhandiging van die pryse.

2.3 Data-ontleding

Data is deur middel van inhoudsontleding ontleed. Die doel van inhoudsontleding is om omvattende materiaal sistematies te ondersoek (Mayring 2000:266). Kodering is 'n fundamentele stap in die proses van kwalitatiewe data-ontleding en dit stel die navorsing in staat om rou data volgens temas te organiseer. Volgens Strauss en Corbin is daar drie soorte kodering wat in kwalitatiewe navorsing gedoen moet word, naamlik oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering (in Henning, Van Rensburg en Smit 2004:131). Oop kodering behels die skep van kategorieë met betrekking tot sekere tekssegmente (Strauss 1987:28). Elke kategorie het ook dimensies, eienskappe en gevolge (Bohm 2000:272). Tydens aksiale kodering is data op nuwe maniere saamgevoeg deur verbinding tussen kategorieë te maak (Bohm 2000:272). Selektiewe kodering behels die seleksie van kernkategorieë. Elke kernkategorie is sistematies met ander kategorieë in verband gebring en sodoende word verhoudings tussen kategorieë geldig verklaar (Strauss 1987:33).

Volgens Lincoln en Guba speel geloofwaardigheid 'n kardinale rol in die verkryging van goeie kwalitatiewe resultate (in Babbie en Mouton 2001:276). Daar is vier aspekte wat die geloofwaardigheid van kwalitatiewe navorsing verhoog, naamlik aanneemlikheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid (Babbie en Mouton 2001:276). In hierdie ondersoek is geloofwaardigheid soos volg gehandhaaf: Aanneemlikheid is verkry deur die bevindinge van soortgelyke vorige ondersoeke met die bevindinge van die huidige ondersoek te vergelyk, asook deur navorsingstoesighouding en persoonlike teenwoordigheid tydens data-insameling. Oordraagbaarheid is bewerk deur 'n gedetailleerde beskrywing van die demografiese faktore van die deelnemers, asook 'n deeglike beskrywing van die data-

insamelingsprosedure, weer te gee. Om betroubaarheid te verseker is die navorsingsontwerp en -prosedure, asook alle resultate, in soveel moontlik besonderhede beskryf. Om die bevestigbaarheidsaspek van geloofwaardigheid te verseker, was die navorser voortdurend selfondersoekend deurdat sy bewus was van haar persoonlike oortuigings en aannames, terwyl sy nogtans objektief probeer bly het. Bevestigbaarheid is verder verseker deur 'n deeglike beskrywing van die ondersoekmetode te verskaf sodat die integriteit van die resultate noukeurig ondersoek kon word, asook deur die erkenning van die tekortkominge van die huidige ondersoek.

2.4 Etiese aspekte

Toestemming om met die navorsing voort te gaan is van die Navorsingsetiekkomitee van die Universiteit Stellenbosch verkry. Geen ouers is vooraf geïdentifiseer of uitgesonder nie en die navorser was die enigste persoon wat oproepe en afsprake gemaak het; sodoende is privaatheid en vertroulikheid bewerkstellig. Deelnemers is verseker dat die antwoorde wat hulle tydens die onderhoude sou gee, vertroulik sou bly en die voltooide biografiese vraelyste met response op die oop vraag daarop, is op 'n veilige plek gebêre waar slegs die navorser toegang daartoe het. Elke deelnemer is gevra om 'n ingeligte toestemmingsbrief te voltooi waarin dit duidelik was dat deelname vrywillig was en dat 'n deelnemer enige tyd aan die ondersoek kon onttrek as sy sou wou. Eerder as om die onderhoude by die skool te moes hê, kon deelnemers kies of hulle die navorser by hulle eie huis of by die kerkkantoor wou ontmoet; sodoende is die privaatheid van die deelnemers gerespekteer.

3. Resultate

Deelnemers se antwoorde is bestudeer om 'n oorsig daarvan te verkry en die konteks daarvan te verstaan. Betekenisvolle tekssegmente is geïdentifiseer en daarna met mekaar in verband gebring om sodoende kategorieë te vorm. Uit die evaluering van die kategorieë het verskeie temas na vore gekom. Temas is in die volgende kategorieë opgedeel: "Nie geaffekteer"; "Kind wat geboelie is, is geaffekteer"; "Ouers geaffekteer"; en "Gesin as geheel geaffekteer". Die kategorie "Nie geaffekteer" verwys na gesinne wat nie aangedui het dat hulle deur die afknouery beïnvloed is nie. Die "Kind wat geboelie is, is geaffekteer"-kategorie verwys na al die maniere waarop die kind wat geboelie is, deur die afknouery geraak is. So ook verwys die "Ouers geaffekteer-" en "Gesin as geheel geaffekteer"-kategorieë onderskeidelik na die maniere waarop die afknouery die ouers, en totale gesinne geaffekteer het. Die ontleding van die response op die oop vraag word in Tabel 1 weergegee.

Tabel 1. Temas as aanduiding van hoe gesinne deur die afknouery geaffekteer is (N = 48)

	Voorkoms	Percentasie
Nie geaffekteer		
Gesin is nie deur afknouery geaffekteer nie	7	15
Kind wat geboelie is, is geaffekteer		
Met beserings by die huis gekom	3	6
Kind se eiendom verniel	3	6
Wou nie teruggaan skool toe nie	7	15
Skoolwerk benadeel	4	8
Negatiewe emosies ervaar (hartseer; humeurig; huilerig)	13	27
Opstandig geword by die huis	9	19
Kind het hom-/haarself ontrek	9	19
Selfbeeld negatief beïnvloed	6	13
Bednatmaak	3	6
Nagmerries gekry	2	4
Ouers geaffekteer		
Bekommerd oor kind se welstand en toekoms	5	10
Negatiewe emosies ervaar:		
Woede	8	17
Ontsteltenis	2	4
Bejammering	4	8
Hartseer	2	4
Ongelukkigheid	2	4
Magteloosheid	4	8
Teleurstelling	4	8
Onsekerheid	1	2
Gesin as geheel geaffekteer		
Gesin nader aan mekaar gebring	2	4
Konflik binne gesin veroorsaak	4	8

Soos aangedui in Tabel 1, het sewe deelnemers (15%) gemeld dat die afknouery nie hulle gesin geaffekteer het nie. Die meeste ouers het egter ervaar dat die krisis van afknouery hulle gesin op een of ander manier beïnvloed het. Die afknouery het die kind wat geboelie is, die ouers self, asook die gesin as geheel, geraak.

Die kinders wat geboelie is, is op verskeie maniere daardeur geaffekteer. Drie (6%) kinders het fisiese beserings opgedoen en daarmee by die huis aangekom. Dié drie kinders se ouers het onderskeidelik gepraat van hulle kinders se blou kolle, blou oog en bloedneus. Een deelnemer het vertel dat haar seun gereeld vra of hy karate-lesse kan neem. Party kinders se eiendom is verniel (6%, n = 3). Skryfbehoeftes en skooltasse wat verniel en gesteel word, asook pousekos wat gesteel word, het uit gesprekke met deelnemers na vore gekom. Een ouer het ook gesê dat sy as gevolg van die afknouery elke maand nuwe skoolskoene vir haar seun moet koop.

Die afknouery het in verskeie gevalle daar toe gelei dat die kind wat geboelie is, nie wou teruggaan skool toe nie (15%, n = 7). Een deelnemer het vertel dat hulle seun geweier het om terug te gaan skool toe, en dit het “onnodige stryery en spanning in die huis” veroorsaak. ’n Ander deelnemer het gesê dat haar kind senuweeagtig geword het in die oggende voor skool. Nog ’n deelnemer het genoem dat haar kind weens die afknouery dikwels stokkiesgedraai het, en dat hulle eers later daarvan uitgevind het. Nog ’n deelnemer het van haar dogter gesê: “Sy wou ook nie meer skool toe gegaan het nie, waar sy dit in die verlede vreeslik geniet het en uitgesien het daarna.” Die afknouery het soms ’n negatiewe effek op kinders se skoolwerk gehad (8%, n = 4). Een deelnemer het vertel dat haar seun twee jaar akademies agter geraak het as gevolg daarvan dat hy geboelie is.

Verskeie kinders is deur die afknouery geaffekteer in die vorm van negatiewe emosies wat hulle begin ervaar het (27%, n = 13). Hulle het hartseer, humeurig of huilerig geword en het dikwels na skool by die huis gehuil oor wat met hulle gebeur het. Een ouer het vertel dat haar dogter "skielik baie emosioneel begin raak" het en "vir die geringste dingetjie begin huil, of 'n woede-uitbarsting gekry" het. 'n Ander ouer het gesê haar dogter het "vol mood swings en buierig" geword.

Die kinders wat geboelie is, het dikwels opstandig geword by hulle huise (19%, n = 9). Deelnemers het beskryf dat hulle kinders rebels, geirriteerd, opstandig en aggressief geword het. Een ouer het gesê dat haar seun sy jonger boetie begin boelie het, terwyl 'n ander ouer gemeld het dat haar dogter onbeskof met haar susters geword het. Nog 'n ouer het vertel dat haar dogter gespot was omdat sy tuisgemaakte klere gedra het en dat sy daarna geweier het om gemaakte klere te dra. 'n Ander ouer het gesê haar seun het almal begin byt vandat die afknouery begin het.

In teenstelling met laasgenoemde reaksie op die afknouery het ander kinders hulle weer begin onttrek (19%, n = 9). Hierdie kinders het hulle van gesinslede, maats en/of alle vreemde mense afgesonder. Een ouer het vertel: "My kind was altyd 'n vreeslike vriendelike, innemende persoonlikheid. Sy was die sonstraal van die gesin. Stadig maar seker het ek begin agterkom hoe my kind al stiller en teruggetrokke raak."

'n Paar deelnemers het gemeld dat die afknouery hulle kind se selfbeeld negatief beïnvloed het (13%, n = 6). Hulle meen hulle kind se selfbeeld is aangetas, en dat hulle kind nie meer selfvertroue gehad het nie. Een ouer het gesê haar dogter het "oorbewus van haar voorkoms geword", terwyl 'n ander ouer vertel het dat haar seun baie sensitief geraak het oor opmerkings wat hulle by die huis oor hom maak.

Drie deelnemers (6%) het aangevoer dat hulle kinders, in reaksie op die afknouery, snags herhaaldelik in hulle beddens geürineer het. Kinders het ook soms nagmerries gekry as gevolg van die afknouery (4%, n = 2). Een ouer het vertel dat haar seun "snaakse kreungeluide" in sy slaap begin maak het. Hulle het hom dokter toe geneem en so agtergekom dat hy geboelie word.

Nie net die kinders nie, maar ook hulle ouers, is op verskeie maniere deur die afknouery geraak. Ouers het bekommert geword oor hulle kinders (10%, n = 5). Een deelnemer het vertel dat sy bang is haar kind "*snap*" eendag en doen iets "negatiefs" omdat hy kleintyd geboelie is. 'n Ander deelnemer het gevrees dat die afknouery tot verkragting sou kon lei. Nog 'n besorgdheid wat ouers genoem het, was dat hulle bang was hulle kind sou weier om terug te gaan skool toe. Een ouer was ook bekommert oor wat die invloed van die afknouery op haar dogter se skoolwerk sou wees "omdat sy 'n senuweeagtige persoon is". 'n Ander deelnemer het tot die besef gekom "dat ons na ons twee dogters se gesondheid en dieet moet oplet, aangesien ons indirek verantwoordelik is vir hulle eetgewoontes en gewig".

Die meeste ouers is deur die afknouery geaffekteer deurdat hulle een of ander negatiewe emosie ervaar het. Ouers het onder andere van woede (17%, n = 8), ontsteltenis (4%, n = 2),

bejammering (8%, n = 4), hartseer (4%, n = 2) en/of ongelukkigheid (4%, n = 2) gepraat. Een ouer wat woede ervaar het, meen "dit het ons ook dadelik op 'n oorlogspad geplaas. Dit was 'n geveg met die skoolhoof, personeel, asook ouers en beheerraad wat net nie geglo het dat die 'wonderlike' boelie in staat is tot sulke gedrag." Nog 'n ouer wat kwaad geword het, meen sy het so gevoel omdat sy besef het dat haar graad 7-dogter nie gaan ophou om geboelie te word solank sy in die laerskool is nie. 'n Ander ouer was ontsteld "want dit het nog nooit by 'n vorige skool gebeur nie". Party ouers het weer jammer gevoel vir hulle kinders, want hulle wil die beste vir hulle kinders hê en hulle voel dat die afknouery onnodig was. 'n Ander ouer was "hartseer vir my kind wat nie altyd haar maats se optrede verstaan het nie". Soms het ouers ongelukkigheid ervaar: "'n Ma is net so gelukkig soos haar ongelukkigste kind, so ek was ongelukkig en my man het dit aangevoel en dit het hom en die res van die gesin ook geaffekteer." Een ouer het na aanleiding van 'n spesifieke voorval waarin haar dogter verbaal afgeknou is, gesê sy voel hartseer en ongelukkig: "Ek weet nie hoe iemand dit vir 'n kind kan sê nie. Wat doen my kind verkeerd? Sy is dan 'n liefdevolle kind."

Verskeie ouers het magteloos gevoel (8%, n = 4) en gesê hulle weet nie wat om aan die afknouery te doen nie. Hulle voel dit sou nie help om na onderwysers te gaan nie; die onderwysers se hande is ook afgekap. Verder was ouers soms bang dat as hulle skool toe sou gaan oor die probleem, daar op hulle kinders gepik sou word. Een ouer het ook gevoel dat sy nie nog die onderwyser wil gaan pla nie, want dié het reeds genoeg probleme van haar eie. 'n Ander ouer het magteloos gevoel omdat dit moeilik sou wees om die boelie vas te vat: "Dit was 'n gevoel van magteloosheid, want hoe word dit bewys want dit is so subtel gedoen dat alles regtig doodonskuldig gelyk het."

Om teleurstelling te ervaar, was nog 'n manier waarop die afknouery ouers geaffekteer het (8%, n = 4). Deelnemers het hulle teleurstelling in die boelies, asook in die onderwysers, uitgespreek. Een ouer het gesê sy was teleurgesteld in hoe die skool die situasie hanteer het, want "ons het soveel vertroue in die skool en personeel gehad". 'n Ander ouer het gevoel dat die skoolhoof onregverdig opgetree het toe haar kind geboelie is en dat dit verdere ongelukkigheid vir haar kind veroorsaak het. Een ouer het na aanleiding van die afknouery onsekerheid ervaar (2%). Sy het vertel: "Ons het begin twyfel oor die manier waarop ons ons kind moet grootmaak ... ek het gevoel ek het iets verkeerd gedoen."

Die krisis van afknouery het ook in sommige gevalle die gesin as geheel geaffekteer. Party deelnemers het gesê dat die gebeurtenis hulle gesin nader aan mekaar gebring het (4%, n = 2). In ander gesinne het dit egter tot konflik gelei (8%, n = 4). Gesinslede het byvoorbeeld meer begin stry. Een ouer het vertel: "Dit het baie druk en verwarring in ons familie gebring, want skielik begin mens fout soek en allerlei bose gedagtes van wat jou maat miskien met die kind doen, kom by jou gedagtes op. Ons het deur 'n baie moeilike tyd gegaan ... Nadat dit duidelik geword het dat dit by die klas gebeur en nikks verband hou met ons as gesin nie, kon ons die probleem aanspreek." 'n Ander ouer het gesê: "My man het gevoel ek piep die kind op en sy moet haar eie *battles fight*. Dit het baie konflik tussen my en my man veroorsaak. My kind het ook begin manipuleer, omdat sy sien sy kry aandag."

4. Bespreking

Volgens die ma's se mededelings is kinders, ouers en gesinne as geheel deur die krisis van afknouery beïnvloed. Kinders is veral geaffekteer deurdat hulle negatiewe emosies ervaar het (27%, n = 13). Deelnemers het melding gemaak van hulle kinders se hartseer, humeurigheid of huilerigheid. Kinders het ook dikwels opstandig geword (19%, n = 9), of hulself onttrek (19%, n = 9). Hierdie nadelige gevolge bevestig die bevindinge van ander Suid-Afrikaanse ondersoeke, naamlik dat kinders wat geboelie word, minderwaardig, seergemaak, vernederd, bang, geirriteerd, kwaad, hartseer, ongelukkig en magteloos voel, en dat hulle nie meer wil lewe nie (Neser e.a. 2004:45; Swart en Bredekamp 2009:420).

Dit is dan ook te verstane dat verskeie kinders bang was of geweier het om terug te gaan skool toe (15%, n = 7). Slagoffers van afknouery is dikwels eensaam by die skool en het min of geen maats nie (Olweus 1993:32; Perren en Alsaker 2006:45). Kinders wil nie met die slagoffer geassosieer word nie, aangesien hulle bang is dat dit hulle eie kans om geboelie te word, sal verhoog (Perren en Alsaker 2006:52). Die eensaamheid wat slagoffers ervaar, tesame met die vrees vir wanneer die volgende voorval gaan plaasvind, kan hulle skoolwerk nadelig beïnvloed (Govender en Dlamini 2010:66). Vier deelnemers het dan ook gerapporteer dat hulle kinders se skoolwerk agteruitgegaan het sedert die afknouery begin het.

Alhoewel ondersoeke in verband met afknouery dikwels op die gevolge daarvan vir die slagoffer fokus, moet daar in ag geneem word dat die afknouery ouers en ook die hele gesin raak. Deelnemers en hulle huweliksmaats het dikwels negatiewe emosies soos woede, ontsteltenis, bejammering, hartseer, ongelukkigheid, magteloosheid, teleurstelling en onsekerheid ervaar nadat hulle uitgevind het hulle kind word geboelie (56%, n = 27). Hierdie bevindinge stem ooreen met 'n ondersoek deur Humphrey en Crisp (2008:45), wat bevind het dat ouers kwaad, magteloos en skuldig gevoel het oor hulle onvermoë om hulle kind te kon beskerm. Volgens Humphrey en Crisp (2008:45) ervaar ouers wie se kinders geboelie word, hoër vlakke van stres en angst.

Vorige navorsing het getoon dat ouers dikwels nie bewus is van die mate waarin hulle kinders afgeknou word nie, aangesien kinders nie sommer daaroor praat nie en ouers nie noodwendig gereeld vir hulle kinders vra of hulle geboelie word nie (Humphrey en Crisp 2008:47; Olweus 1993:53). Ouers oorweeg dikwels eers die moontlikheid dat hulle kind geboelie word wanneer hulle gedragsveranderinge in hulle kind raaksien (Humphrey en Crisp 2008:47). Selfs nadat deelnemers bewus geword het van die afknouery, het hulle dit soms moeilik gevind om hulle kinders te verdedig. Ouers het soms eenvoudig nie geweet wat om aan die afknouery te doen nie. Ander het onderwysers gaan spreek, met min sukses. Ouers was dikwels ontevrede oor die onderwysers se reaksies en hantering van die sake. Een ma het vir haar dogter gesê sy moet net die jaar klaarmaak, want die volgende jaar kry sy 'n nuwe juffrou. Ander ouers meen die onderwysers se hande is ook afgekap en dat onderwysers dikwels self bang is vir die boelies. So ook het 'n ondersoek deur Humphrey en Crisp (2008:45) bevind dat ouers wat afknouery by die skool aangemeld het, dikwels gevoel het dat

hulle min ondersteuning van onderwysers kry en dat onderwysers soms ontken dat enige afknouery plaasgevind het. Hieruit blyk dit dat afknouery en die gevolge daarvan vir die slagoffer en die gesin 'n dreigende en moeilik hanteerbare saak is.

5. Gevolgtrekking

Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel hoe gesinne deur die krisis van afknouery geraak word. Die resultate het getoon dat gesinne op verskeie maniere deur die afknouery beïnvloed is, maar veral deurdat die kinders wat geboelie is, negatiewe emosies soos hartseer ervaar het. Alhoewel soms eers heelwat later, is dit tog duidelik uit die resultate dat ouers, en daardeur die gesinne, ook op verskillende maniere deur die afknouery geraak is. In die geheel is afknouery 'n negatiewe en destruktiewe gebeurtenis wat veral die slagoffer, maar ook ander na aan haar/hom, se lewens ontwrig.

'n Eerste beperking wat 'n invloed op die resultate kon gehad het, is die feit dat ouers verskillende idees gehad het oor wat *afknouery* beteken of behels. Een ouer wat gebel is om te vra of sy aan die ondersoek wil deelneem, het byvoorbeeld gesê haar seun is al deur 'n ander met die vuis geslaan, maar hy is nog nie geboelie nie. Verskeie ouers wat gebel is, wou ook weet wat "tel" nou eintlik as afknouery. Indien ouers en onderwysers daartoe in staat is om afknouery meer presies te konseptualiseer, sal hulle dit kan raaksien en herken wanneer kinders geboelie word en kan hulle dienooreenkomsdig optree om die kinders te help. Indien volwassenes egter misluk daarin om dit raak te sien en te besef wanneer 'n kind onder afknouery deurloop, sal só 'n kind sonder hulp die pyn wat met afknouery gepaard gaan, moet verduur.

Nog 'n beperking van hierdie ondersoek is dat net een verteenwoordiger van die gesin, naamlik die ma, se perspektief gevra is. Aangesien elke lid van 'n gesin 'n unieke rol in die gesin speel en sy/haar eie persepsie en waarneming van die gesinsomgewing het, sou die resultate moontlik anders gelyk het as 'n ander, of addisionele, gesinslid, byvoorbeeld die pa, deelgeneem het. 'n Verbetering op hierdie beperking sou dus wees om meer as een gesinslid per gesin aan 'n soortgelyke ondersoek te laat deelneem.

Die steekproef van hierdie ondersoek was nie-ewekansig en is met behulp van sneeubal-steekproeftrekking saamgestel. Alhoewel hierdie steekproeftrekkingsmetode gepas is vir die ondersoek, kan daar nie sonder meer uit hierdie bevindinge veralgemeen word na die algemene Suid-Afrikaanse bevolking nie. Trouens, gegewe die diverse Suid-Afrikaanse bevolking, is dit voor die hand liggend dat die steekproef nie verteenwoordigend daarvan is nie. Hierdie ondersoek is byvoorbeeld in 'n klein, plattelandse dorp uitgevoer en die resultate kon moontlik anders lyk indien die ondersoek in 'n stedelike gebied uitgevoer sou word.

Bibliografie

- Adam, F. 2007. The development of an anti-bullying intervention process at a primary school in Gauteng. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.
- Babbie, E. en J. Mouton. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Bohm, A. 2000. Theoretical coding: Text analysis in grounded theory. In Flick, Von Kardorff en Steinke (reds.) 2000.
- Broderick, C.B. 1993. *Understanding family process: Basics of family systems theory*. Newbury Park, Kalifornië: Sage Publications.
- Dake, J.A., J.H. Price en S.K. Telljohann. 2003. The nature and extent of bullying at school. *Journal of School Health*, 73(5):173–80.
- De Wet, C. 2005. The nature and extent of bullying in Free State secondary schools. *South African Journal of Education*, 25(2):82–8.
- Espelage, D.L. en S.M. Swearer. 2003. Research on school bullying and victimization: What have we learned and where do we go from here? *School Psychology Review*, 32(3):365–83.
- Flick, U., E. von Kardorff en I. Steinke (reds.). 2000. *A companion to qualitative research*. Londen: Sage Publications.
- Govender, R. en K. Dlamini. 2010. Bullying: the monster in the dark. *Focus: The Journal of the Helen Suzman Foundation*, 56:66–8.
- Greeff, P. 2004. The nature and prevalence of bullying during the intermediate school phase. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.
- Henning, E., W. van Rensburg en B. Smit. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Humphrey, G. en B.R. Crisp. 2008. Bullying affects us too: Parental responses to bullying at kindergarten. *Australian Journal of Early Childhood*, 33(1):45–9.
- KaltialaHeino, R., M. Rimpelä, M. Marttunen, A. Rimpelä en P. Rantanen. 1999. Bullying, depression, and suicidal ideation in Finnish adolescents: School survey. *British Medical Journal*, 319:348–51.
- MacDonald, H. en E. Swart. 2004. The culture of bullying at a primary school. *Education as Change*, 8:33–55.

- Mayring, P. 2000. Qualitative content analysis. In Flick, Von Kardorff en Steinke (eds.). 2000.
- Neser, J., M. Ovens, E. van der Merwe, R. Morodi, A. Ladikos en J. Prinsloo. 2004. The victims of bullying in schools. *Acta Criminologica*, 17(3):28–47.
- Olweus, D. 1993. *Bullying at school: What we know and what we can do*. Malden, MA: Blackwell Publishers.
- . 1994. Annotation: Bullying at school: basic facts and effects of a school based intervention program. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 35(7):1171–90.
- Perren, S. en F.D. Alsaker. 2006. Social behavior and peer relationships of victims, bully-victims, and bullies in kindergarten. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 47(1):45–57.
- Pillay, J. 2004. Experiences of learners from informal settlements. *South African Journal of Education*, 24(1):5–9.
- Roland, E. 2002. Bullying, depressive symptoms and suicidal thoughts. *Educational Research*, 44(1):55–67.
- Smith, P.K. 1999. England and Wales. In Smith, Morita, Junger-Tas, Olweus, Catalano en Slee (eds.) 1999.
- Smith P.K., Y. Morita, J. Junger-Tas, D. Olweus, R. Catalano en P. Slee (eds.). 1999. *The nature of school bullying: A cross-national perspective*. Londen: Routledge.
- Statistiek Suid-Afrika. 2005a. General household survey July 2005. <http://www.statssa.gov.za> (14 September 2010 geraadpleeg).
- . 2005b. Income and expenditure of households 2005/2006. <http://www.statssa.gov.za> (14 September 2010 geraadpleeg).
- Strauss, A.L. 1987. *Qualitative analysis for social scientists*. New York: Cambridge University Press.
- Swart, E. en J. Bredekamp. 2009. Non-physical bullying: Exploring the perspectives of Grade 5 girls. *South African Journal of Education*, 29(3):405–25.
- Zeelie, D.G. 2004. Managing bullying in primary schools in Johannesburg. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.